

**Chris Jones\***

[Afrikadag](#) word jaarliks op 25 Mei gevier om die stigting van die Organisasie vir Afrika-eenheid op hierdie dag in 1963 te vier.

In my refleksie oor Afrika het ek op 'n bekende Pan-Afrikaanse reeks van nasionale openbare ingesteldheidsopnames afgekom wat handel oor demokrasie, staatsbestuur en die samelewing en wat deur Afrobarometer onderneem is. Hoewel daar verskeie opnameresultate beskikbaar is wat meer as 30 lande betrek, het ek besluit om kortliks op agt van die mees onlangse verslae wat verskyn het, te fokus.

Die [boodskap](#) van Afrikaburgers aan onverkose tradisionele leiers of opperhoofde is om by ontwikkeling betrokke te bly, maar om hulle uit die politiek te hou. In 22 lande vertrou 64% van die landsburgers hul tradisionele leiers, 72% glo hulle is nie korrup nie, 64% keur hul prestasie goed en 44% dui aan dat tradisionele leiers na hulle luister.

Dit is konsekwent hoër as verkose leiers soos die president van die land, plaaslike regerings se raadslede en/of parlamentslede. Die opperhoofde geniet nie net die steun van bejaarde mans in landelike gebiede nie, maar word ook deur vroue, stadsbewoners, jeugdiges en die hoogsopgeleides gesteun.

Lees [hier](#) verder wat **dr Chris Jones, hoof van die Eenheid vir Morele Leierskap in die Fakulteit Teologie van die Universiteit Stellenbosch** hieroor skryf en wat hy glo ons vanjaar op Afrikadag kan vier.